

## Sing vooraf staande:

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.  
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus  
deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

### Lofpsalm 4:4

4-

*U het my hart meer vreug gegewe / as ander smaak in volop-tyd,  
as hul deur skyngeluk verhewe, / by mos en koring lustig lewe  
en fees hou in kortstondigheid. / Ek sal gerus gaan slaap in vrede  
en ongestoord lê ek my neer; / want U alleen verhoor my bede,  
U waak oor my in teënhede, / dat ek kan veilig woon, o HEER!*

### Geloofsbelydenis Apostolicum

*Na die wet sing ons Psalm 16:5*

Wet

### Psalm 16:5

5-

*U sal my siel nie oorgee in die dood, / my pad buig op langs skone heuwelrye.  
U sal nie toelaat dat u gunsgenoot / verderwing sien in donker doodsvalleie.  
By U is ewig vreugde-en volle vrede, / en in u hand 'n snoer van lieflikhede.*

### Gebed

- *Doksologie:*
  - *Aanbidding:*
  - *Skuldbelydenis:*
  - *Vergifnis:*
  - *Dank:*
  - *Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk,  
owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:*
  - *Algemene bede:*
  - *Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:*
- Amen.

### Psalm 31:6

-6-

*U het my nimmer oorgegewe / aan vyande wat wreed  
getrag het na my leed. / Deur U, bevryder van my lewe,  
kan ek met vrye skrede / nou wandel in u vrede.*

### Skriflesing: Psalm 62

Teks: Psalm 62: 2

**Ja, my siel is stil tot God, van Hom is my heil.**

Die almagtige liefde van God beskerm die wat aan Hom behoort.

- Daarom stuur Hy sy Seun om ons te beskerm.
- Sy Seun sterf aan die kruis om ons sondes voor God te versoen - sodat ons niks anders nie as net vrede met God kan ervaar.

Dawid skryf hierdie Psalm toe sy koningskap in gevaar was. Hy sê nie by watter geleentheid dit was nie.

- Uit vers 4 lei ons af dat hierdie spanning 'n hele rukkie lank geduur het, want hy

vra: **Hoe lank sal julle aanstorm?**

- Dit is ook duidelik dat die mense dit bedoel het om Dawid baie ernstig seer te maak, want hy sê dat hulle hom teen 'n muur wil verbrysel.
- Dit is inderwaarheid maar bloot 'n beeld wat die geweld van die sonde oor elke mens se lewe uitbeeld.

Tog is die digter nie ontsteld nie.

- Hy sê sy siel geniet die stilte (tevredenheid) daarvan om aan God oorgegee te wees.
- Hy is vol vertroue op die Here vir sy algehele beskerming, en in hierdie vertroue wag hy om te sien wat die Here gaan doen.
- Dit is die betekenis van die woorde (vers 3) waar hy sê dat die Here sy Verlosser is, en dat die Here hom staande sal hou.

Die Here is vir hom 'n rots waarin hy hom veilig kan terugtrek, maar die Here is ook sy redding.

- Dit beteken dat die Here met sy goddelike krag vir hom verlossing sal voorberei.
- In vers 8 beklemtoon hy weer dat die gelowige maar van alle kante af aangeval kan word - die Here sal hom beskerm.

Daarna roep hy sy hele volk op om altyd in hulle nood na die Here toe te gaan.

- Die Here is mos nie net Beskermer vir net een mens nie - hy beskerm sy kerk.
- Let op na die woordjie "**altyd**" wat in vers 9 staan.
  - Onder alle omstandighede en op alle plekke is die Here daar om sy gelowiges in sy almagtige krag te verlos van die dinge wat hulle bedreig, dit maak nie saak watter soort teëspoed dit is nie.
  - In lewe en in sterwe staan ons verlossing in die liefde van God vas.

Dawid skryf twee keer dat sy siel stil is in die Here.

- Die eerste keer sê hy dat dit is omdat die Here hom verlos, en die tweede keer sê hy dit is omdat sy verwagting van die Here is.
- Al twee hierdie uitsprake verwys natuurlik na sy verwagting van die Messias.

Ons ken die Messias as Jesus Christus die Here.

- Hy het met sy lewe en sy bloed voor God betaal vir al ons sondes.
- Hy het ook vir ons die ewige lewe verwerf - daarom is Hy ons Verlosser.

Hy het die aand voordat Hy gekruisig is, die Nagmaal ingestel as 'n gedagtenismaal daaraan dat Hy al ons sondes volkome met God versoen.

- By daardie geleentheid het Hy ook gesê dat ons die Nagmaal moet aanhou vier totdat Hy kom.
- Hy roep ons om nou aan sy tafel te kom aansit.

Ontvang met stilte en vrede die brood en beker wat altwee simbole is van ons verlossing deur Hom.

- As ons die Nagmaal gebruik, mag die vrede van God op ons wees,
  - sodat u mag weet en glo dat die Here Jesus ons altyd beskerm en bewaar en
  - dat Hy deur die teenwoordigheid van die Heilige Gees nooit van u af weggaan nie.

Geniet die Nagmaal met 'n verwagting - net soos Dawid:

- Ons verwagting is dat die Here Jesus weer kom.
- Dan gaan Hy sy verlossing oor ons volmaak maak, want Hy gaan ons van hierdie gebreke lewe af wegneem om in sy ewige koninkryk te bestaan tot in alle ewigheid.

**AMEN.**

Gebed

Psalm 34:6.

-6-

*Kom kinders, hoor na my! / Die HEER se vrees wil ek jul leer.*

*Wie is 't wat lewensduur begeer / en dae wat hom verbly?*

*Laat tong en lippe vra / na waarheid, en ontwyk die kwaad;*

*soek wat God wil: die regte daad, / en jaag die vrede na.*

Formulier

Psalm 23: 2

-2-

*En is ek soos 'n skaap in doodsgeware, / wat in die velde as 'n prooi vn wolwe gaan,*

*en moet ek in die doodsdal, diep n donker, / van alle hulp ontbloot, in my alleenheid staan -*

*dan nog ken ek geen doodsvrees of verskrikking / omdat u staf my troos is en verkwikking.*

Af tafel toe:

Tydens Nagmaal: Psalm 116

Slotgebed

Slotpsalm 118:12

12-

*Dit is die dag deur God verkore, / die feesdag aan Hom toegewy.*

*Laat ons, met psalms uit vreug gebore, / ons in die God van heil verbly.*

*Ag, HEER, gee nou u seëninge; / gee voorspoed, HEER, op hierdie dag -*

*dit is die dag van grote dinge, / die gloriëteken van u mag.*

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

**Amen.**

Dr MJ du Plessis

Hulpdienspredikant

Gereformeerde Kerk Clanwilliam

Datum: 11 November 2012.